# ‘N INSIG OOR GEESTLIKE BEDIENINGE

1. **WAT IS ‘N GEESTELIKE BEDIENING**?

‘n Geestelike bediening is ‘n spesiale vermoë of eienskap wat deur die Heilige Gees gegee word aan elke lid van die liggaam, volgens die genade van God, om gebruik te word binne die konteks van die liggaam van Christus.

**2. WIE HET GEESTELIKE BEDIENINGE**?

Alle gelowiges (1 Petrus 4:10)

**3. WAT IS DIE DOEL VAN GEESTELIKE BEDIENINGE**?

3.1 Die verheerliking van God in Sy liggaam.
3.2 Die opbouing van die liggaam van Christus.
3.3 Die eenheid van die gemeente.
3.4 Die geestelike volwassenheid van die gemeente.
3.5 Die groei van die gemeente.

**4. VERSKIL TUSSEN NATUURLIKE TALENT EN GEESTELIKE BEDIENINGE**

| | TALENT | | BEDIENINGE |
|---|---|---|---|
| (a) | Geërf van voorouers | (a) | Gegee deur die Heilige Gees |
| (b) | Teenwoordig van geboorte | (b) | Teenwoordig vanaf Wedergeboorte |
| (c) | Deur God gegee aan alle lede van die nasies. | (c) | Deur God gegee aan alle lede van die liggaam van Christus. |
| (d) | Kan sonder Heilige Gees werk | (d) | Is afhanklik van Heilige Gees |
| (e) | Bedien hoofsaaklik op natuurlike vlak. | (e) | Bedien op geestelike vlak |
| (f) | Verheerlik self | (f) | Verheerlik God |

**5. VERSKIL TUSSEN VRUG VAN DIE GEES EN GEESTELIKE BEDIENINGE**

| | VRUG | | BEDIENINGE |
|---|---|---|---|
| (a) | Bepaal wat ‘n Christen is. | (a) | Bepaal wat ‘n Christen doen |
| (b) | Dieselfde in elke Christen. | (b) | Verskil in elke Christen |
| (c) | Enkelvoudig | (c) | Meervoudig |
| (d) | Handel met karakter. | (d) | Handel met dien / bedieninge |

**(a) Wat beteken “Liggaam van Christus”?**

- Universiële Liggaam (Eff. 1:20-23)
- Plaaslike Liggaam (Hand. 2:46-47)

**(b) Watter sisteem het God gekies vir die interne organisasie van die “Liggaam van Christus”?**

Nie diktatorskap nie, maar die Liggaam van Christus as ‘n lewende organisme. Met Christus as hoof wat funksioneer met geestelike bedieninge. (1 Kor. 12:12-27).

**(c) Waarom moet ons kennis dra van geestelike bedieninge?**

- Tot voordeel van jouself ______________________ (1 Tim. 4:13-15)
- Tot voordeel van die gemeente _________________ (Eff. 4:16)
- Om die wil van God vir ons lewens beter te verstaan (*God created you for a purpose)*.

**DRIE VAN DIE BELANGRIKSTE DOELSTELLINGS VAN ONS CHRISTELIKE LEWE BEHOORT DIE VOLGENDE TE WEES.**

1. Die ontdekking van my geestelike bediening .
2. Die ontwikkeling van my geestelike bediening.
3. Die gebruik van my geestelike bediening.

**WAT GEBEUR AS EK MY GEESTELIKE BEDIENING ONTDEK, ONTWIKKEL EN GEBRUIK?**

1. 1 Pet. 4:10 leer dat: Ek 'n goeie dienskneg is van die genade van God.
2. Matt. 25:14-30 leer dat:
   2.1 Wanneer ek my bediening gebruik, ek 'n getroue dienskneg is.
   2.2 Wanneer ek dit nie gebruik nie, is ek 'n lui en ontroue dienskneg is.

**WAT SAL DIE GEVOLG WEES AS ELKE LID VAN 'N GEMEENTE SY/HAAR BEDIENING ONTDEK, ONTWIKKEL EN GEBRUIK?**

1. Elke lidmaat sal weet wat sy/haar geestelike werkprogram is.
2. Alle lidmate sal kan saamwerk in liefde, eenheid en harmonie.
3. Afguns, geestelike onvolwassenheid en oneffektiewe Christenskap sal voorkom word.
4. Die liggaam sal funksioneer.
5. Die kerk sal groei.
6. God sal verheerlik word.

**DIE DRIE SLEUTELTEKSE IN DIE NUWE TESTAMENT WAT HANDEL OOR BEDIENING, IS DIE VOLGENDE:**

1. Rom. 12:4 - 8
2. 1 Kor. 12:28 - 31
3. Eff. 4:11 - 16

**'N LYS VAN BEDIENINGE SAAMGESTEL VOLGENS HIERDIE SKRIFVERWYSINGS**

| | |
|---|---|
| Rom. 12 | |
| 1 Kor. 12 | |
| Eff. 4 | |
| Enige Ander | |

**ONS MOET GEESTELIKE BEDIENINGE NIE MET DIE VOLGENDE VERWAR NIE**

1. Gawes van die Heilige Gees (kan nie ontwikkel word nie – net beoefen word)
2. Nie vrug van die Gees nie
3. Nie natuurlike talent nie
4. Nie nabootsing nie